Stellenbosch
UNIVERSITY
IYUNIVESITHI
UNIVERSITEIT

Navrae
Dr Alfred Schaffer
021 808 2154
aschaffer@sun.ac.za

# Departement Afrikaans en Nederlands

## Afrikaans en Nederlands 278
## Voortgesette Studie van die Afrikaanse Taal- en Letterkunde

Met Afrikaans en Nederlands 278 sit studente hulle studie van die Afrikaanse taal- en letterkunde voort.

Studente volg **ses** komponente:

- Afrikaanse leksikografie
- Afrikaanse sintaksis
- Naturalisme en modernisme in die Nederlandse literatuur
- Die Sestigerbeweging
- Letterkunde voor 1960
- **Een** van die volgende twee keusekomponente:
    - Afrikaanse taalpraktyk
    - Avant-garde en die Tweede Wêreldoorlog in die Nederlandse literatuur

### Opmerkings

1. Afrikaans en Nederlands 178 is ’n voorvereiste vir hierdie module.
2. Hierdie module lei na Afrikaans en Nederlands 318 en Afrikaans en Nederlands 348.
3. Dit is moontlik dat een van bogenoemde komponente nie in ’n gegewe jaar aangebied sal word nie.

### Metode van assessering

Hierdie module het nie eksamens nie. Besonderhede oor assessering word per komponent deurgegee, maar alle werk in die module is verpligtend. ’n Prestasiepunt word saamgestel uit alle toetse, werkstukke en opdragte wat gedurende die jaar voltooi is.

Om die module te slaag moet die student:

- alle werk (toetse, werkstukke, opdragte) in alle komponente voltooi, en
- ’n gemiddelde punt van minstens 50% behaal.